**OORDENKING : AANBIDDING** *(Saamgestel uit dele van 'n gebedskursus deur Bybel-Media)*

**LEWENSVERANDERING VRA EN LEI TOT DIE KEUSE OM MEER TYD SAAM MET GOD DEUR TE BRING** "Nader tot God, en Hy sal tot julle nader" (Jak. 4:8)

**1. 'n Paar redes waarom ons moet bid (voltooi aan die hand van u Bybel):**

1 Volgens 1 Tess. 5:17 en Ef. 6:18.

2 Volgens 1 Joh. 5:14-15.

3 Volgens Gen. 3:8-9 en Jer. 33:3.

4 Volgens Joh. 15:7.

5 Volgens Joh. 15:7 en Matt. 7:7, 11.

6 Volgens Joh. 15:5.

7 Volgens Luk. 6:12 en Mark. 1:35.

8 Volgens Dan. 6:11 en Ps. 5:4.

9 Volgens Hand. 6:4; Rom. 1:9; Ef. 1:15-16; Kol. 1:9; 2 Tim 1:3; 1 Tess. 3:10.

10 Volgens Jak. 5:16 en Ps. 50:15.

**2. Lees en dink na of jy saamstem met die volgende stellings aangaande gebed:**

† *Dr. Andrew Murray het eenkeer gesê:*
*"Ons kán tyd maak vir gebed. Ons doen dit dan vir ons vriende".*

† "Die tyd wat ons aan gebed bestee is nie gemorste tyd nie. Dit is tyd wat teen die hoogste rentekoers belê word, en wat die hoogste dividende sal oplewer." (R.A. Torrey)

† *'n Biddelose gemeente is 'n kragtelose gemeente, want "sonder God kan ons nie, maar sonder ons wil God nie." (Augustinus)*

† "As ons werk, is dit net mensewerk, maar as ons bid, werk God, en as God werk, wie kan dit keer?" (Hans von Staden)

† *Gebed is :*
*a. 'n Gawe van God, want Hy wil met ons gemeenskap hou.*
*b. 'n Bevel van God, want Hy wil ons gebede gebruik.*
*c. Die wapen / gereedskap wat God ons gee om die Satan te oorwin.*
*d. Die hoofdeel van ons dankbaarheid teenoor God.*

**3. Wat is <u>jou</u> besluit?**

God verlang om met jou gemeenskap te beoefen. Hy wil jou gebede aanhoor. Hy wil jou help om jou lewe te verander, soos ons lees in Efesiërs 4. Hoe gaan jy hierdie wonderlike voorreg van gebed nog beter gebruik? **Wat gaan jy prakties verander in jou lewe om sodoende nog meer tyd in gebed met God deur te bring?**



*Ds Leon Tait*

# Die Rietfluit

NED. GEREF GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID
SAAM BOU ONS AAN SY KONINKRYK

Ek het U hart-lik lief o Heer

Maandblad Oktober 2009

## 2009 is die jaar van herlewing

### Herlewing in ons aanbidding



Ware navolgers van Christus is nuwe mense met 'n nuwe leefstyl. Deel van hierdie nuwe en dankbare lewe, is om die Here te aanbid. Daagliks en persoonlik in ons eie lewe aanbid ons die Here deur gebed, sang en 'n gehoorsame lewe. Ons hele lewe is 'n erediens!

Vir kinders van die Here is dit nooit genoeg om op jou eie te aanbid nie. Gehoorsaam aan die Here, wil ons saam met ander die Here aanbid in gesamentlike eredienste en byeenkomste. Wanneer ons saam met ander kinders van die Here aanbid dra dit sekere kenmerke volgens Efesiërs 5:18b-20 (NLV):

***Nee, laat die Heilige Gees julle lewe vol maak terwyl julle saam psalms en lofgesange en geestelike liedere sing. Sing en jubel met julle hele hart tot eer van die Here. Sê altyd in die Naam van ons Here Jesus Christus vir God die Vader dankie vir alle dinge.***


Die kenmerke van *ware aanbidding*:

- *Dit is Heilige Gees geïnspireerd*. Die Gees wat ons lewe beheer beweeg ons om te aanbid. Die Gees van eenheid, wat in ons almal woon en werk wil ons help om saam die Here groot te maak in aanbidding. Dit gebeur wanneer ons toelaat dat Hy ons lewe beheer!
- *Dit is singend*. Sang is 'n wesenlike deel van aanbidding. In die eredienste en samekomste van gelowiges gaan dit nie oor hoe mooi of goed ons kan sing nie. Die Heilige Gees laat ons singend aanbid - al is dit by sommige van ons net 'n "*joyful noise unto the Lord*"!
- *Dit is vreugdevol*. Wanneer ons deur die hulp van die Heilige Gees singend aanbid dan is daar egte vreugde! Vreugdevol sing, jubel en loof ons Hom. Indien jy nie daarvan hou nie is jy uit pas met die Heilige Gees.
- *Dit is opreg uit die hart*. Vreugdevolle aanbidding is nie enersyds emosielose gemompel nie, en andersyds nie 'n oppervlakkige bol emosies nie. Dit kom uit die hart en word betekenisvol asook gevoelvol gedoen.
- *Dit gee uitdrukking aan ons dankbaarheid*. Egte aanbidding wys ons dankbaarheid teenoor die Here. Dankbare mense aanbid Hom vreugdevol en lofprysend!

*Herlewing in ons aanbidding begin in jou en my hart*. Die Heilige Gees wil ons help om saam tot egte aanbidding te kom. Sal jy hom toelaat ?

*Ds Leon van Heerden*

## !! Onthou-Datums !!



- 4 Oktober: Biddag vir Bejaardes
- 5 Oktober: Skole open
- 11 Oktober: Nagmaal (18h30)
- 18 Oktober: Biddag vir Gesondeidsdienste en Gemeente-tee
- 20 Oktober: Netwerkkursus (deel 1) in konsistorie
- 25 Oktober: Doop (9h00) en Hervormingsdiens (18h30)

## Ek wil die Here loof.....

Here, my Here,

Ek wil U loof met alles wat in my is, wil ek u heilige Naam loof. Ek wil U loof en nie een van u weldade vergeet nie.

Dit is U wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon.

Dit is U wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van 'n arend skenk.

Barmhatig en genadig is U, Here, lankmoedig en vol liefde. U sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie.

U handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie, want so groot as wat die afstand tussen die hemel en aarde is, so groot is u liefde vir diè wat U dien.

U het u troon in die hemel gevestig, u heerskappy strek oor alles en almal.

Almal wat deur U geskep is, loof U, Here, op al die plekke waar U heers.

Ek wil die Here loof.

Here, ek wil U loof!

*Amen*






## Kan ons maar net vra?




**Ja, jy hoef net te vra!**

"die mag behoort aan God", maar alles wat aan God behoort, kan ons kry deur net te vra. God hou sy vol hande uit en sê: "Vra en vir julle sal gegee word ... As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te ee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan diè wat dit van Hom vra?" (Matt. 7:7, 11).

Die verklaring vir die armoede en magteloosheid van die gemiddelde Christen kry ons in die woorde van die apostel Jakobus: ... Julle kry nie, omdat julle nie bid nie ... (Jak. 4:2). "Hoekom vorder ek so swak in my Christelike lewe?" is die vraag van baie Christene. "Verwaarlosing van gebed," antwoord God. "Julle kry nie, omdat julle nie vra nie." "Hoekom is daar so min vrug op my bediening?" vra meer as een moedelose. "verwaarlosing van gebed," antwoord God weer. "Julle kry nie,omdat julle nie vra nie." "Hoekom," vra baie gelowiges sowel as leke, "is daar so min krag in my lewe en diens?" En weereens antwoord God: "Verwaarlosing van gebed. Julle ktry nie, omdat julle nie vra nie."

God het voorsiening gemaak vir 'n kragtige lewe en kragtige werke vir elkeen van sy kinders. /hy het sy eie onbeperkte krag tot ons beskikking gestel en maak dit keer op keer op 'n groot verskeidenheid maniere in sy

Woord bekend: "Vra, en vir julle sal gegee word."

/hoe min tyd bring die gemiddelde Christen nie in gebed deur nie! Ons is te besig om te bid, en dus is ons te besig om krag te hê. Daar is baie aktiwiteit, maar ons rig min uit; baie dienste, maar min bekerings; baie struktuur, maar min resultate. Die krag van God ontbreek in ons lewe en werk. Ons kry nie omdat ons nie vra nie. Baie belydende Christene glo volgens eie getuienis nie in die krag van gebed nie. By sommige is dit selfs die mode om spottenderwys die bidders met die daders te vergelyk. Hulle vergeet dat in die geskiedenis van die kerk die ware daders ook bidders was, dat die manne van die glorieryke deel van die kerk ase geskiedenis geskryf het, sonder uitsondering manne van gebed was.

# Bediening vir Aanbidding



Die Aanbiddingsbediening bestaan uit die volgende elemente / komponente: aanbidding, gebed, tempel van die Here (kerk), lofsang, toewyding, lering, bemoediging, ondersteuning, vertroosting en feesviering.

*Die elemente / aksies vind by elke erediens plaas. So daar is 'n magdom energie wat aan ons mense gegee word!! Daar is iets vir elke persoon - maak nie saak wat die omstandighede is nie.*

In die eredienste (kerk) is daar ook altyd mense betrokke - dienaars, dissipels, lede en kinders.

** Die volgende behoeftes bestaan tans in die bediening:

**Erediens taakspan**: Ons benodig dringend mense met gawes en 'n passie vir erediens. 'n Leier (gawe van leierskap) word ook benodig.

**Deurdiens**: Het nog mense nodig wat mekaar kan aflos (gawe van gasvryheid) om mense te laat welkom voel.

**Bord en rekenaar**: Het mense nodig wat rekenaars ken en Sondagoggende beskikbaar sal wees.

**Voorsang**: Iemand wat klavier kan speel om DJ af te los, indien hy nie beskikbaar sou wees nie. Dringend iemand wat kitaar kan speel by die Sondagoggend dienste.

**Gebedstaakspan**: Ons benodig dringend 'n leier en mense met 'n passie vir gebed, wat dan ook vir die jeug se gebed sal leiding neem. Die persoon moet dan ook gebedsaksies begin.

Die leiers vir Aanbidding bediening is Karin van Schalkwyk (082 569 6590) en Tommy Rademeyer (082 372 9803).

Kontak ons asseblief indien jy enigsins bereid is om by enige van bogenoemde aksies betrokke te raak..



# Die "Onse Vader" gebed



*"... want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra."(Matteus 6:8(b))*

Die term "historiese gebed" beteken twee dinge": Een: Dit is 'n gebed wat 'n impak gehad het (en nog het) op mense en op die geskiedenis. Twee: Dit is 'n gebed wat tevoorskyn kom uit 'n stukkie geskiedenis – die gebed is verweef met een of ander geskiedkundige gebeurtenis in die lewe van 'n individu of in die geskiedenis van die kerk. Die gebed verteenwoordig as't ware 'n bepaalde stukkie geskiedenis.

Daar is seker geen gebed wat 'n groter impak gehad het op die geskiedkundige verloop van die kerklike lewe en op die lewens van gelowiges nie, as die "Ons Vader".

Hierdie gebed vertel van die verlossingswerk van Jesus. Al die elemente van die verlossingswerk van Christus is in die "Ons Vader" te vinde.

Hierdie gebed het die geloofslewe van gelowiges verander, hul wyse van aanbidding vernuwe en die gelowige geplaas in 'n intieme verhouding met die Here. God word "Ons Vader" deur ons geloof in Christus. Ons word deel van 'n nuwe ryk, die koningkryk van God. Ons lewens kry 'n nuwe doel: Om die wil van die Here te soek en te gehoorsaam.

Dit leer ons dat ons afhanklik is van God vir alle behoeftes. Dit leer ons om te waak teen die versoekings van die duiwel en dit laat ons verlang na oorwinning oor die Bose.

Hierdie gebed verteenwoordig nie alleen die verlossingswerk van die Here Jesus nie, maar bring 'n nuwe dimensie en innigheid in ons geloofslewe.



# Gebedstaakspan



God vra dat ons sal bid….

Gebed kom uit die hart van God. Gebed is nie iets wat uit onsself kom nie. Dit begin nie by ons nie. Dit begin by God. God het ons as Sy verteenwoordigers op aarde gemaak en Hy wil dat ons na Hom sal kom om Hom te vra om in ons wêreld te werk. Meer nog: dit is Hy wat in ons werk om te wil sowel as om te werk. (Fil 2:12-13) Met ander woorde, dit is Hy wat die begeerte om te bid in ons hart wek, en ons dan ook gewillig en bekwaam maak om te bid. Dit is vanuit Sy krag dat ons kan bid.

Dit is God wat ons vra om te bid. Dit is nie asof ons sommer net self besluit om te bid, of nie te bid nie. God vra dat ons sal bid, maar die bebed gaan ook saam met geloof. God se probleem is nie om te doen wat ons vra nie, maar of ons Hom sal glo. Sal ons glo dat Hy sal en kan doen wat ons vra?

Een van die belangrikste redes waarom mense twyfel of hulle gebede verhoor sal word, is omdat hulle nie weet of dit wat hulle bid, die wil van God is of nie. Een van die sekerse maniere om binne die wil van God te bid, is om God se bevele en beloftes in die Skrif te bid. Soms is daar nie direkte Skrifgedeeltes of beloftes oor spesifieke sake nie, maar wanneer ons die Skrif lees, sien ons wat in die hart van God is. Die Skrif is egter baie duidelik daaroor dat ons optrede vol genade, liefde en vergifnis moet wees, dat ons regverdig en vrygewig moet wees, en reg doen.

Net hierdie paar beginsels alleen sal ons help om in baie situasies te weet watter rigting ons moet neem. Bid todat jy weet wat Sy wil is en vra dan in geloof dit wat jy weet wat Sy wil is. Al neem dit 'n lang tyd om uit te vind wat God se wil is, is dit steeds die beste pad om te volg. Dit blyk dat die grootste gedeelte van gebed daaruit bestaan om uit te vind wat die wil van God is.

Maak dit jou saak om uit te vind wat die wil van God is, en bid daarvolgens!

# Gebedsgeleenthede:



- Sondag - gebed vanaf 8h00 voor Erediens in die gebedskamer.
- Sondag - Jeuggroepe 18h00 – aanddiens in die saal.
- Woensdag – Kairos weekliks om 4h00.
- Woensdag - Gebedskring weekliks vanaf 17h00 tot 18h00 in konsistorie.
- Woensdag - Vroue-wat-glo weekliks vanaf 19h00 in gebeds-kamer.
- Woensdag - Deelname (in eie tyd) om te bid vir sake op gebedskalender weekliks waar elkeen individueel bid vir 20 minute vir sake soos aangedui op die gebedskalender.
- Woensdag - Deelname (in eie tyd) aan gebedsketting weekliks vir 1 uur lank oor 'n spesifieke saak. Dit geskied vier keer per jaar - riglyne in diè verband word deurgegee.
- Vrydag - Gebed in konsistorie weekliks in konsistorie.
- Deelname (by huis en selgroepe) 10 dae van gebed voorafgegaan vir jaarlikse Wêreldbiddag op 31 Mei.
- Gebed van 1 uur lank op 'n weeklikse basis vir Ladium waar die Here besig is om wonderlike werk te verrig.
- Weeklikse gebed vir die S.S.G bediening onder leiding van ds Leon Tait waar die Here dan ook in die harte van mense werk op 'n landwye skaal.
- Krisisgebedsgroep vir die Jeug onder leiding van Karin van Schalkwyk (082 569 6590) en Louis Scheepers (078 258 5092) en vir die gemeentelede onder leiding van Alet Briers (079 680 9255). Stuur asb u gebedsversoeke deur en daar sal aandag daaraar gegee word, en ingetree word vir u.

Neem asb die vrymoedigheid en word deel van 'n gebedsaksie deur u naam en tyd wanneer u beskikbaar is te sms of ons te skakel.

Enige persoon in die gemeente kan deel word hiervan. God is 'n hoorder van gebed en deur die krag van gebed (God se krag) was daar al wonderlike terugvoering van gebedsverhoring.